

# Die Sandput / The Sandpit



## JSA PRESIDENTSRAAD/ PRESIDENTS COUNCIL

12–13 January 2018  
Jukskeipark, Kroonstad

## SA B&C TOERNOOI/ TOURNAMENT

19–23 February 2018  
Jukskeipark, Kroonstad

## SA SENIOR KAMPIOENSKAP/ CHAMPIONSHIP

31 March–5 April 2018  
Jukskeipark, Kroonstad

## NAMIBIESE KAMPIOENSKAP/ NAMIBIA CHAMPIONSHIP

28 April–4 May 2018  
Stampriet, Namibia



Stuur asb jou stories aan:

Please send your stories to:

[Daleen.roos@jukskei.co.za](mailto:Daleen.roos@jukskei.co.za)

## BOTSWANA BESOEK

We went into Botswana .... and we came back from Botswana.

*"What happens in Botswana stays in Botswana"*

Dit was die eed wat afgelê was by die Botswanagrens met ons laaste besoek aan Botswana vir die BOTGA/ Under 13 Stars toer.

Op Donderdagaand 9 November 2017 het die span baie opgewonde en onseker by Gauteng Noord se Jukskeibane bymekaar gekom. Niemand was 100% seker wat vir ons wag op die toer nie, maar almal is opgewonde om Jukskei te gaan uitbou en nuwe vriende te maak. Vinnig is almal bymekaar gemak om gou ons bagasie te gaan aflaai en dan magies te gaan vul—min wetende dat die sleepwa nie wou saamwerk nie en ons vinnig 'n ander plan moet maak. Dankie vir almal wat kom help spook het met die sleepwa. Terwyl die sleepwa gespokery aan die gang was het ons die kinders gevat vir iets te ete. Spur het ons goed ontvang en almal het gou ietsie te drink en eet gekry.



## BOTSWANA VISIT

We went into Botswana .... and we came back from Botswana.

*"What happens in Botswana stays in Botswana"*

*It was the oath that was taken at the Botswana border with our last visit to Botswana for the BOTGA / Under 13 Stars tour.*

*On Thursday evening, 9 November 2017 the team met very excitedly and*

*uncertain at Gauteng North's Jukskey Club. Nobody was 100% sure what awaits us during the tour, but everyone was excited to promote Jukskei and make new friends. Quickly everyone was assembled to drop our luggage and then fill the tummies—little knowing that the trailer did not want to work together and we should quickly make another plan. Thank you to everyone who came to help sorting out the trailer. While battling with the trailer, we took the children for something to eat. Spur received*

*us well and soon everyone had something to drink and eat.*



Na 'n lekker ete is ons oppad na ons oornag slaap plek – hier aangekom is ons hartlik verwelkom en somer vinnig vinnig ingerig om die klere uit te deel en dan 'n goeie nag rus te kry voor ons die lang pad aanvat. Dankie vir die gasvryheid, die lekker slaap en ontbyt.

Vroeggend is die bussie gepak en is ons oppad Botswana toe. Van die kinders is nog bietjie moeg en vang so 'n slapie op die bus. Dankie vir Petrus wat die hele naweek ons getroue bestuurder was. Sonder hom sou ons definitief nie daar en teruggekome het nie. So oor middagete het ons vir Anretha in Zeerust opgetel en was haar skool baie oulik en het vir ons kospakkies voorberei. Magies vol kan ons die laaste stukkie pad aanvat voor ons

oor die grens gaan. Opge-wonde het ons by die grens

aangekom en moet almal gou paspoorte laat stempel voordat ons die laaste stukkie van die pad aanvat. Gelukkig is Gaborone net ander kant die grens en kon ons vinnig inboek by ons tuiste vir die volgende twee aande.

Oasis Motel het vir ons heerlike koue koeldranke bedien voordat ons die gebied gaan besigtig het. Almal het die rit geniet en vele foto's geneem by die Three Chiefs' standbeelde.

Die dag is afgesluit met heerlike drinkgoed by Wimpy asook iets te ete...nie laat ons gou weer sal uitsien na yskoue steaks nie. Almal was vroeg in die bed om reg te wees vir die volgende dag se Jukskei speel en afrigting.


Vroeg is ons weer oppad en met ons aankoms was ons nie te seker oor waar ons gaan Jukskei speel nie aangesien daar nie bane gereed was soos vooraf gereël nie.



*After a nice meal we headed for our overnight place – on our arrival there we were warmly welcomed and quickly sorted the clothing and then had a good night of rest before we started the long journey. Thank you for the hospitality, the good sleep and breakfast.*

*Early morning, the bus was packed and we are on our way to Botswana. Some of the children were still tired and caught up some missing sleep on the bus. Thank you to Petrus who was our trusted driver all weekend. Without him, we would definitely not have come back from there. We picked up Anretha in Zeerust and her school was very nice and prepared nice food packages for the group. Now for the last stretch to the border. We were excited to arrive at the border and every-*

*body soon had to stamp passports*



*before we took the last part of the road. Fortunately, Gaborone is close to the border and we could quickly book into our accommodation for the next two evenings.*



*Oasis Motel served us with delicious cold cool drinks before we visited the area. Everybody enjoyed the trip and took many pictures at the Three Chiefs statues. The day is ended with a delicious drink at the Wimpy and something to*

*eat ... not that we'll look forward to cold steaks soon. Everyone was early in bed to be ready for the next day's Jukskei play and coaching.*

*Early morning we were on our way to the venue but with our arrival there, we were not sure about where we were going to play Jukskei as there were no courts ready as arranged beforehand.*



Nietemin het ons grootmense vinnig aan die werk gespring en begin bane 'bou' sodat ons die dag aan die gang kan kry.



Denise: "Sjoe—ek is nou moeggewerk. Whow I am tired now."  
Dirk: "Ek stem! I agree!"



Nevertheless, we quickly jumped at work and started building 'courts' so that we can get the

Die kinders het solank bietjie gaan opwarm en die eerste baan uitgetoets.



day started. The children warmed up for a while and tested the first court.

Na 'n bietjie harde arbeid en sweet is die bane gereed vir die dag se verrigting en kan die opening begin. Opening is gou afgehandel en die afrigting van die kinders is buite begin en binne het Dirk Brits begin met die opleiding van die onderwysers.

Die kinders het die afrigting en speel baie geniet en ons het sommer 'n paar natuurlike afrigters onder hulle ook geïdentifiseer. Welgedaan julle. Natuurlike het enige goeie sportspan ook ondersteuners nodig ... wat toe sommer verander het in Waterboy en Watergirl. Dankie vir julle harde werk met die water en ys.

After a bit of hard work and sweat the courts were ready for the day's activities and the opening could start. Opening was soon completed and the coaching of the children then took place with Dirk Brits started teaching the teachers.

The children enjoyed the coaching and playing a lot and we also identified some natural coaches among them. Well done to you. Naturally, any good sports team needs supporters ... which changed in Water boy and Water girl. Thank you for your hard work with the water and ice.

Na 'n lang dag in die son en harde afrigting het die kinders bietjie gaan swem en is ons na die Dros om aandete te geniet. Die diens was baie interessant en almal het gehoop hulle het eerder die kinders se pizza gekies.

After a long day in the sun and hard coaching, the children went swimming and we went to the Dros for dinner. The service was very interesting and everyone thought they should rather have chosen the children's pizza.

Die kinders het elke oomblik geniet en baie nuwe vriende gemaak. Die groep van Botswana het baie geleer en is baie opgewonde om volgende jaar saam met ons deel te neem aan die SA Junior Kampioenskappe.



The children enjoyed every moment and made many new friends. The group of Botswana has learned a lot and is very excited to join us in the SA Junior Championships next year.

Baie dankie aan almal wat die geleentheid moontlik gemaak het.



Many thanks to all who made the opportunity possible.

Dankie aan die toergroep vir julle AWESOME gees, samehorigheid en omgee vir Jukskei. Sonder julle sou die toer nie so groot sukses kon wees nie.

Thank you to the tour group for your AWESOME spirit, togetherness and caring for Jukskei. Without you, the tour could not be such a great success.

Sterkte met die laaste voorbereidings vir die SA Junior Kampioenskap – sien julle almal daar!



Good luck with the final preparations for the SA Junior Championship - see you all there!

**Marica Els**  
Director Corporate Communication



## BELFAST DEURNAGJUJSKEI

**V**rydagmiddag daag ons by die Kees Muller Sportstadion op met groot verwagting om voorbereidings te doen vir die Deurnagtoernooi. Die karavaan word reggetrek, tente opgeslaan en Corrie begin solank met die voorbereiding van die Pot vir aandete sodat alles gereed is vir die spelers wat vanaf sesuur opdaag.

Die wind begin waai en teen vieruur dreig daar 'n hewige storm en dit begin reën. Baie erg, soveel so dat ons sê hier word nie vanaand jukskei gespeel nie. Maar julle ken ons Jukskeispelers!! Teen sesuur is hulle hier, sover as vanaf Newcastle. Nee wat, die reën kon egter nie die opgewondenheid demp nie.

Daar daag nie soveel spanne op as wat verwag is nie, maar na 'n heerlike aandete begin ons in om agtuur in alle erns te speel. Gelukkig het die wind teen hierdie tyd gaan lê.

Spel word gespeel in spanwedstryde, enkels, dubbels en trips. Reg deur die nag. Igna van Helsdingen het gesorg vir heerlike warm koffie, Cappacino en worsbroodjies terwyl Baba en haar span die lekkerste pannekoek gebak het. Celia van Wit-

bankklub sorg vir Doughnuts, Patato curls en koeldrank. Daar word te lekker gekuier op die stoep so tussen die wedstryde deur.


Die kompetisie loop hoog, maar hoe later dit word hoe minder spelers word op die bane gewaar. Almal gaan soek maar 'n lêplekkie om so bietjie te rus.

Sesuur die oggend word ontbyt genuttig en toe breek die laaste skof aan tot ongeveer eenuur die middag.

Punte word opgetel en danksy ons borge kon ons elke deelnemer huistoe stuur met 'n prys.

Die wenners was die Boertjies gevolg deur die Bosvarke.

**Gerhard Claasen**  
**Direkteur Administrasie**  
**Mpumalanga**



## BELFAST ALL NIGHT JUJSKEI

**F**riday afternoon we arrived at the Kees Muller Sports Stadium with great expectation to prepare for the ALL NIGHT Tournament. The caravan and tents put up with Corrie preparing the Pot for dinner so that everything is ready for the players who arrive at half past five.

The wind began to blow and at four o'clock there was a heavy storm. It started to rain as well. All of us thought that there would be no jukskei played during the night, but you know our Jukskey players!! By six o'clock they came from as far as from Newcastle. However, the rain could not dampen the excitement.

Not as many players as expected, but after a delicious dinner, we started to play seriously at eight o'clock. Fortunately, the wind subsided by this time.

Games were played in team matches, singles, doubles and trips. During the night, Igna van Helsdingen provided delicious hot coffee, cappuccino and sausages while Baba and her team prepared the most delicious pancakes. Celia from Witbank club provides Doughnuts, Potato curls and cold drinks. There was a lot of fun on the stoep between games.

The competition is running fierce, but the later it gets the fewer players moved around. Everyone is just looking for a place to rest.

At six o'clock in the morning breakfast was served before the kick-off of the last shift until about one o'clock in the afternoon.

Points are calculated and due to our sponsors we could send each participant home with a prize. The winners was the Boertjies followed by the Bosvarke.

**Gerhard Claasen**  
**Director Administration**  
**Mpumalanga**



## DIE AGTERBLAD



### KZN DEURNAG IN MIDDELBURG!

Op ons ouderdom is die term **Deurnag** skrikwekkend. Wakker lê met pyne en skete ken ons ja, maar Jukskei speel heel nag? Wat 'n vreemde gedagte.

Maar nogtans ons was gou om 'n span te vorm. Met ons naam "**Moon Yokers**" op ons ruê vasgespeld was ons reg vir die donker.....net om elke keer te skrik as ons deur ons plakkaat agter die kop geklap te word as die wind 'n bietjie opkom. Nooit daaraan gedink om bo en onder vas te speld nie!

Al laggende en met lekker sêgoed (soos ons jongste spanlid wat sou gat skoonmaak in n G-string) het ons hopeloos te vroeg oorywerig daar aangekom, maar die skeie was gou gou uitgelaai en getoets. Om 'n gazebo op te slaan was 'n uitdaging. "*To many chiefs and to little Indians.*"

Agt uur het ons amptelik begin speel. Ons moes vinnig die nuwe speelrooster onder die knie kry en spelers indeel vir vierspel, trips, dubbels en enkels.

Ons was fantasties ondersteun deur ons toeskouers, 2 dames en hulle het vir ons koffie, warm sjokolade en worsbroodjies aangedra. Heel nag deur! Een het bietjie moeg geword en sommer in die stoel so bietjie geslaap.

Die organiseerders het die heerlikste potjie gemaak vir aandetete.

Teen sesuur die oggend het ons nog sterk gestaan. Nie een speler was vaak of het uitgeval nie. Ons het almal saam ontbyt geniet en die laaste skof aangepak in die warm son. Ons het ook elkeen met n prys daar weggestap!!

Dit was 'n puik georganiseerde geleentheid. Middelburg mag dit maar weer doen. KZN sal weer daar wees.

**Elsabe Vos**  
**KZN Jukskei**

## THE BACKPAGE

### ALL NIGHT GAMES IN MIDDELBURG

*At our age, the term 'All night' is frightening. Wakening up with aches and pains we know yes, but playing Jukskei all night long...that is something different and yes.....what a strange thought.*

*But nevertheless we were soon forming a team and with our name "Moon Yokers" stuck on our backs we were ready for the dark ... .. just to be frightened every time we got hit behind the head by our poster when the wind came up a bit. Never thought of pinching it at both the top and bottom!*

*All laughing and smiling (like our youngest team member who would prepare the pitch in a G-string) we arrived hopelessly too soon. Nether the less the skey's were quickly tested. Pitching the gazebo was also a challenge. "To many chiefs and to little Indians."*

*We officially started playing at eight o'clock.. We had to quickly get to know the new playlist and divide players into four-game, trips, doubles and singles.*

*We were fantastically supported by our spectators, 2 ladies which brought us coffee, hot chocolate and hotdogs. Jip—All night long! One got tired and fell asleep in the chair.*

*The organizers made the most delicious potjie for supper.*

*By the six o'clock in the morning we were still going strong. All the players were still up and playing. We all enjoyed breakfast and took the last step to the warm sun.*

*Everybody received a prize from the organizers!!*

*It was an excellent organized opportunity. Middelburg can do it again. You can be sure KZN will be there again.*



**Elsabe Vos**  
**KZN Jukskei**



**A man's got to do what a man's got to do.**

**A woman must do what he can't!**

**Rhonda Hansome**